

Donderdag 25 April

Skrifgedeelte: Lukas 2:1-20

Fokusgedeelte: Lukas 2:11

Die klimaks in die anti-klimaks

Euangêlion! Evangelie! Hoor die Goeie Nuus!! Die Christus is gebore! *“Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!”*

Lank verwag, maar tog gering geag. Dit is die anti-klimaks: Hy is as 'n gewone mens gebore en in doeke toegedraai. By gebrek aan 'n beter plek is Hy in 'n krip, die voerbak van diere by 'n herberg, neergelê! As't ware tussen die diere gebore – nederiger is byna nie moontlik nie.

Ten einde laaste is die Messias, Christus, hier – maar sy eie mense het nie vir Hom plek nie (Joh. 1:11). Betlehem was tydens die geboorte 'n klein “herders”-dorpie van ongeveer 3 000 inwoners. 'n Plek lank reeds van sy eer beroof. Nou nog net hoofsaaklik 'n dorpie vir skaapboere wat hulle diere aan die baie tempelgangers in Jerusalem – skaars nege kilometer weg – vir hulle offerandes kon verkoop.

Tien eeue tevore het dit wel in glorie gebloei toe Dawid daar gebore is en opgegroei het. Wees verseker, geen Jood sou vergeet as hy nageslag van Dawid was nie. Daarom, as gevolg van die sensus van keiser Augustus, is die dorpie – met slegs een herberg – tot oorloeps toe vol mense, met geen plek vir Josef, Maria en hulle pasgebore Kindjie nie. Die anti-klimaks: geen plek vir die Seun van Dawid in die Dawidstad nie.

So is Hy gebore, as Mensekind! Amper asof dit ek of jy of enige ander mens kon gewees het wat daar gebore is. Maar presies! Dit is juis die punt, die klimaks te midde van die anti-klimaks. Hy is in ons plek gebore, om in ons plek te sterwe. Ek en jy is gebore om te lewe – Hy is gebore om te sterwe.

Vir hierdie Blye Boodskap – Euangêlion – het God die eenvoudige skaapwagters gekies om sy eerste evangeliste te wees! Hulle is die eerste hoorders van die goeie nuus, eerste om Hom te sien, eerste om vir die mense te vertel: Die Messias is gebore!

Sing: Skrifberyming 4-4:3

Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)